Sojaboondiversifikasie ontsluit nuwe markgeleenthede

ANDRIES WESSELS, LANDBOUKUNDIGE, AGRICOL

In lyn met Agricol se beleid om 'n leier in nuut-tot-die-mark produkte te wees, het hierdie visie reeds baie sterk gestalte gevind in die wye verskeidenheid produkte wat aan produsente landswyd beskikbaar is.

Een van die jongste produktoevoegings is die nuwe Argentynse sojaboonreeks wat geskeduleer is vir kommersiële vrystelling teen die aanvang van die 2013/2014-plantvenster. Hierdie uiters kompeterende nuwe reeks is reeds deeglik onder plaaslike toestande getoets en lewer uitstekende aanpasbaarheid en opbrengsresultate.

Agricol is trots om hierdie plaaslike vennootskap in samewerking met die Argentynse sojaboonsaadreus, Don Mario, te kan verwesenlik. Kultivars in verskillende groeiseisoenklasse is beskikbaar wat pasgemaak is vir die onderskeie sojaboonproduksiestreke.

In die graansorghum-afdeling, is die bittersorghumbaster, Avenger, ook 'n nuwe toevoeging. Hierdie laat groeiseisoen-baster bied uitstekende opbrengspotensiaal en goeie siekteverdraagsaamheid. Aangesien die behoefte vir voëlbestande bittersorghum steeds bestaan, is Avenger uitsluitlik vir hierdie doel geposisioneer. Avenger beskik oor 'n brons graankleur en goeie aarsteellengte sodat are gemaklik bo die blaredak gestroop kan word. Avenger word goed aangevul deur die bekende en stabiele soet-kultivar, Enforcer.

Die Impak mielie-reeks spog ook met drie nuwe geelmielie-toevoegings met die klem veral op die ultravinnige mark onder besproeiing. IMP 50-10B en IMP 50-10R bied blitsvinnige graanafdroging waar opvolg koringaanplantings die norm is. Beide basters vereis finale plantpopulasies van 80 000 plante/ha en bied onderskeidelik weerstand teen stronkboorder en Roundup. IMP 50-10R is ook die aangewese toevlugskultivar vir die bekende staatmaker, IMP 50-90BR. IMP 52-12 is in die medium-vinnige groeiklas en word geposisioneer vir produksie in die Ooste.

Aan die sonneblomkant is Agricol steeds met trots een van die land se voorste verspreiders van 'n wye reeks sonneblomkultivars. Die nuweling in hierdie marksegment is AGSUN 5278. Hierdie volseisoen-sonneblombaster spog met uitstekende opbrengspotensiaal en siekteverdraagsaamheid, wat reeds sinoniem met die AGSUN-sonneblompakket is. AGSUN 5278 het ook reeds sy merk gemaak as toppresteerder in die jaarlikse LNR-sonneblomevaluasieprogram. ■